Huisgeloof Galasiërs 5:13-22 30 Augustus 2020

Dink saam oor die volgende vrae:

1. Wat dink jy beteken dit om vry te wees?
2. Noem bietjie voorbeelde van mense wat nie vry is nie.
3. Dink jy die reëls wat julle by die huis het, help jou om vry te wees, of keer jou om vry te wees?
4. Hoekom dink jy is daar reëls in julle huis? Hoe help die reëls jou?
5. Hoekom dink jy is dit belangrik dat 'n groep mense dieselfde reëls volg en elkeen nie net sy eie stel reëls volg nie?

Doen die volgende aktiwiteit:

'n Masker is 'n goeie voorbeeld van iets wat 'n reel is en aanvanklik voel asof dit jou minder vry maak, maar eintlik maak dit jou en die mense meer vry. Maskers het byvoorbeeld beteken dat ons buite kan oefen of winkel toe gaan meer vrylik as wat ons sonder maskers kon. Dit maak ook die res van die gemeenskap / mense om ons vryer, want hulle hoef nie so bang te wees nie. Versier jou eie masker en dink oor al die dinge wat jou help om meer vry te wees.